GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 11 & 12 GEDIGTE:

HIPPIE

Hy groei
plantaardig uit ‘n stoel voor ‘n kafee.
‘n pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoed met reis om homself.

Hy slaan
‘n pap handsak oor sy fraiingskouer.
Om huisie se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand
van ‘n stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
die sinkomheinde werf waar uitgepofte
hoenders slaap om ‘n verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis
van sewejaartjies: kleislang in ‘n kindertuin.

En voort
duimgooi hy na miskien ‘n genommerde
kamer met ‘n Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van ‘n malman op ‘n afgrond, of die
binnevlerksagtheid van ‘n woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit ‘n apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

Wilma Stockenström

LASLAPPIE-KOMBERS VAN MY LEWE

Flenters en fragmente
stukkies en brokkies

Elke dag
borduur mense aan my lewe
stekie vir stekie
word flentertjie lap
aanmekaar geflans
tot malse skakering
laslappiekombers

Elke stukkie lap
van weinig belang
Elke lappie
saam vasgewerk
kaleidoskoopkleur.

Aan die einde
warm kombers
knus om my gevou
wanneer Hy
vir my
in die Grootpad staan

Eers dan
kyk
sien ek
my lewe
tot nou...

Groot purper lappe
wanhoopstye
Oorskadu
deur vlamrooi blydskap
vreugdevure.

Tussenin
klein stukkies
die wolke altyd bietjie voor die son –
en ek ten spite van die reën kon lag

En jy sal lag

Lina Spies

GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.
2024

NUKLEUS KULTUUR

DIE BEITELTJIE

Ek kry ‘n klein klein beiteltjie,
ek tik hom en hy klink;
toe slyp ek en ek slyp hom
totdat hy klink en blink.

Ek sit ‘n klippie op ‘n rots: -
mens moet jou vergewis:
‘n beitel moet kan klip breek
as hy ‘n beitel is -

ek slaat hom met my beiteltjie
en dié was sterk genoeg:
daar spring die klippie stukkend
so skoon soos langs ‘n voeg:

toe, onder my tien vingers bars
die grys rots middeldeur
en langs my voete voel ek
die sagte aarde skeur,

die donker naat loop deur my land
en kloof hom wortel toe -
só moet ‘n beitel slaan
wat beitel is, of hoé?

Dan, met twee goue afgronde
val die planeet aan twee
en oor die kranse, kokend,
verdwyn die vlak groen see

en op die dag sien ek die nag
daar anderkant gaan oop
met ‘n bars wat van my beitel af
dwarsdeur die sterre loop. ~

N.P. van Wyk Louw